

Allerheiligeaand verloop ietwat anders in Bfn

Klubgaste se kostuums deurgesoek vir dwelms

JEANNE-MARIÉ VERSLUIS

'n BLONDE, jong sangeres van Bloemfontein is onder die 16 mense wat die naweek in 'n dwelmklopjag van die polisie by verskeie nagklubs in die stad vasgetrek is.

Die viering van Allerheiligeaand ("Halloween") is kortgeknip toe die polisie op die klubs toegesak, dit ontruim en gaste se kostuums en handsakke deurgesoek het.

Die klubgangers moes buite die kuiierplekke een vir een in 'n skerp lig gaan staan sodat polisie-informante wat in 'n Njala-voertuig gesit het, hulle kan identifiseer as dwelmverspreiders ("runners") of -gebruikers.

Die Bloemfonteinse sangeres is Saterdag in die vroeë oggendure te midde van talle omstanders buite Die Mystic Boer in Kellnerstraat in hegtenis geneem. Sy het ontsteld uitgeroep: "Nee, julle kan my bloed toets!"

Sy was een van 11 verdagtes wat deur die informante by die klubs uitgewys en na die Parkweg-polisiekantoor gebring is om oor die koop en verspreiding van dwelms uitgevra te word. Dié 11, wat daarvan verdink word dat hulle dwelms gebruik, is dieselfde oggend weer op waarskuwing vrygelaat. Hulle gaan nie aangekla word nie. Die ander vyf verdagtes wat in die klopjag in hegtenis geneem is, sluit een vermeende dwelmhandelaar in en vier mense wat die polisie glo verhinder het in die uitvoering van sy taak.

Dié vyf verskyn vandag in die hof saam met vyf vermeende "hoofverskaffers" van dwelms in die stad. Die vyf vermeende hoofverskaffers, onder wie vier Nigeriërs, is Donderdag by hul huise aangekeer.

Groot ontevredenheid het onder klubgangers losgebars oor die klopjag. 'n Ontstelde jong man het buite Die Mystic Boer aan 'n polisiebeampte gesê: "Julle gebruik só veel polisiemanne hier, maar wie pas vanaand die boere op?"

'n Ander een het weer gesê: "Die polisie is hier terwyl 'n vrou nou êrens verkrag word."

Gaste by die kuiierplek Stones Pub & Pool by die Loch Logan-waterfront het handgemeen geraak met die polisie. Die polisie moes pepersproei spuit om hulle in toom te kry.

Insp. Loraine Kalp, polisiewoordvoerder, sê vier polisie-eenhede het aan die klopjag deelgeneem. Een Ecstasy-tablet en 20 g dagga is in die klopjag gekry.

Die klopjag was die laaste optrede in die polisie se teendwelm-operasie wat 15 maande geduur het.

Dwelms van R100 000 is in die operasie gekry.

"Die operasie was 'n sukses omdat 'n vermeende sindikaatleier en sy verspreiders uit die dwelmbedryf geneem is," sê Kalp.

Foto : 2 s/w :

'n BANKSAKKIE en pilhouertjie met dagga word hier deur 'n polisiebeampte gewys nadat dit in 'n klopjag na bewering by Die Mystic Boer in Bloemfontein gekry is. Op die agtergrond is 'n plaatjie met tablette wat deur die polisie gekry is, maar later nie as 'n dwelmmiddel geïdentifiseer is nie. FOTO'S: JOHAN ROUX

'n MEISIE se besittings word hier deurgesoek op 'n dwelmklopjag wat Vrydagaand deur die polisie by nagklubs in Bloemfontein uitgevoer is. Talle polisiemanne en 'n dwelmhond het aan die klopjag deelgeneem. Sr.supt. Lizzy Ngshinga (middel), bevelvoerder van die polisie se eenheid vir georganiseerde misdaad in die Vrystaat, het ook deursoekwerk gedoen.